



Die Boodskapper

Facebook: Pierneef Gemeente **Webwerf:** www.ngkpierneef.co.za

Gebedsbediening


KOM ONS BID VIR:

- Families wat geliefdes aan die dood afgestaan het.
- Persone wat in die voorste linie is om siek mense te versorg.
- Persone wat in die voorste linie is om die verspreiding van die virus te beperk.
- Bid vir goddelike wysheid, leiding en onderskeidingsvermoë vir ons wêreldleiers, plaaslike leiers en leraars aangesien die gewig van besluitneming (met betrekking tot die koronavirus COVID-19) op hul skouers rus.
- Persone wat noodsaaklike wetstoepassingsdienste toepas het ons voortdurende gebede en ondersteuning nodig om hul in staat te stel om hulle pligte effektief en veilig uit te voer.
- **Bid asb** vir Mauritz Visagie en sy familie (072-152 1224).
- **Dra** ons gemeente se finansies aan die Here in hierdie tyd op.
- **Bid asb** vir Marie van Wyk.
- **Bid asb** vir Annatjie Kok en hulle gesin met die afsterwe van Deon Kok.
- **Bid asb** vir Philip van der Westhuizen (Jnr) wat sukkel met 'n oogprobleem.
- **Bid asb** vir Piet de la Rey wat die week in die hospitaal was.
- **Bid asb** vir Ben en Steven vd motorwagte wat beide ernstig siek is .
- Bid dat opvoeders by alle instellings met geduld en wysheid sal onderrig. (Kolossense 2:8)
- Dank God vir miljoene Christene wat deur die Heilige Gees geïnspireer en bemaagtig is om die Evangelie met soveel as moontlik in hul eie gemeenskappe en tot aan die einde van die aarde te bid en te deel. **Bid** dat slagoffers van geweld beskerming sal ontvang en dat hierdie euwel vernietig sal word.

Indien jy 'n behoefte het aan voorbedding stuur asb jou gebedsversoek aan ds Grobler (076 841 1568).

Verjaardae die week:

- 8/9 Mnr Jan Breedts 082-333 2636
8/9 **Mev Elize Grobler 072-697 5580**
8/9 Me Elsie Kidson 073-174 3110
8/9 Mnr Hendrik Kloppers 083-308 0206
8/9 Mnr Juandré Venter 084-381 3885
8/9 Me Chante Wolfaardt 082-572 8797
8/12 Me Lize Janeke 082-331 0591
8/13 Me Fransisca Du Plessis 082-630 0917
8/13 **Me Annette Vorster 083-617 9111**



Gelukkige Vrouedag!



Dorkas se Kombuis

Alhoewel die skole toe is, kon ons die week deur die Maatskaplike werkster kos by 'n graad 8 leerling en sy gesin van Rietondale High aflewer. Omdat ons voorraad nog stewig is kon ons 4 pakkies kruideniersware by hul gesin aflaai. Baie dankie vir elke donasie wat my in staat gestel het om die nodige kos weekliks te kan aankoop. Baie dankie vir al die ondersteuning! - Marlie



Gaan "like" ons Facebookblad!



"Pierneef Gemeente"



HERWINNING

Ons het addisionele sakke by Pen gekry waarin die papier gegooi kan word. Die sakke is aan die buitekant van die heining by die buitekamer opgesit.

Die ander sakke is bedoel vir plasties, glas en blik en die sakke is aan die binnekant van die heining by die buitekamer.

Pen is 'n Christelike welsynsorganisasie wat afval gebruik om werk te skep.

40 Dae Preekreeks

Ons na WYSHEID VIR DIE LEWE- uit die boek Spreuke. Die week se tekste gaan oor ons Woorde.

Gebed vir die nasies:

Mianmar: Op die ouderdom van 12 het Naw haar Bybel verloor toe Burmese militariste die dorpie Sqaw-Karen in die afgeleë noord-ooste van die land, tydens die 70 jaar oorlog, aangeval het. Die arm en hulpelose mensegroep is verslaan. Tog het hulle hul geloof in Jesus behou. Vir 55 jaar het Naw vir 'n Bybel gebid. 97% van die mense in die afgeleë dorpie het nog nooit 'n Bybel gesien nie en die paar Bybels tot hul beskikking is gehawend van herhaaldelike gebruik. Dank God dat Naw se gebed vir 'n Bybel verhoor is. Bid vir die duisende wat steeds op 'n Bybel wag. www.tr.im/wb31

Gedagtes uit Spreuke

Fokus-vers: Spreuke 15:1,4,8,15 & 16

Fokus-gedagte: Vers 1 & 4 stel twee stelle woorde teenoor mekaar, sagte:krenkende woorde, kalmerende:skynheilige woorde. Hoeveel let ons op ons woorde? ...dit bring lewe, bedaar woede, of dit breek mense en ontvlam woede. 'n Engelse vertaling van vers 8 is treffend, "The prayer of the upright is His delight". Wens jy dat jou lewe 'n FEES sal wees? - vers 15 verklap die geheim: Wees blymoedig! To be of a cheerful, gracious, joyful, loving, merry heart! Vers 16 verwoord die wins van 'n eenvoudige lewenswyse.

Gebed: Here, help my om die koppie eerder as half-vol te sien en te geniet as half-leeg en te kla. Amen

Gawes

Gawes is geskenke van God wat deur die Gees aan gelowiges gegee word om hulle toe te rus om mekaar te dien en 'n verskil te maak in die wêreld. Hierdie gawes kan talente of natuurlike eienskappe insluit of sterkpunte wees wat oor tyd ontwikkel. Jou voorkeure en ervarings kan ook jou gawes vorm. Sommige gawes lyk in vandag se tyd meer alledaags soos gasvryheid of diensbaarheid en ander voel vir ons meer besonders of uitsonderlik soos profesie en praat in tale. Maar elke gawe is ewe belangrik en geen gawe kan uit eie verdienste verkry word nie.

Die gebeure in die boek Korintiërs wys vir ons op die gevare van die misbruik van gawes soos wanneer ons dit 'n teken wil maak van mense se "geesvervuldheid" of as die gebruik daarvan verdeeldheid bring. Maar die teks herinner ons ook aan die krag van gawes, wanneer ons dit in liefde gebruik om mekaar te bemoedig en te versterk. Die maklikste manier om jou gawes te "ontdek" is om eenvoudig diensbaar te raak!

Luister: Rigters 4: 1-10 DEBORA

Dink:

- Dit is uitsonderlik om 'n vroue leier (rigter), profetes en bevelvoerder van Israel te ontmoet. Wat sê haar verhaal vir jou?
- Watter gawes het Debora? Kan jy aan iemand dink wat ook hierdie gawes het?
- Dink jy 'n mens kan verskillende gawes in verskillende omstandighede hê?
- Vertel van 'n geleentheid waar jy iemand bemoedig het of met wysheid bedien het.

Doen:

- Oefen om na mekaar te luister. Laat iemand vir jou vertel van 'n uitdaging wat hulle tans beleef. Probeer om empaties te luister, die woorde te eggo, en daaroor te reflekteer sonder om antwoorde te gee. Ruil om. Deel dan met mekaar hoe jy die oefening beleef het.

Bid:

- Skryf al die mense neer wat soms na jou toe kom om te gesels oor hul uitdagings, geskille en vrae. Vra God om jou wysheid te gee oor wanneer en hoe om raad te gee. Skryf ook al die mense neer na wie jy toe gaan vir wysheid. Bid vir elkeen op hul naam.

Tiener-fokus:

- Kyk of jy 'n reuse lang lys van gawes kan maak. Gebruik tekste soos 1 Korintiërs 12:1-11, Romeine 12:4-8, Efesiërs 4:11-13, 1 Petrus 4:8-11, Eksodus 28:1-3,11 en Eksodus 31:1-6. Dink ook aan mense in die Bybel en watter van hulle eienskappe God gebruik het. Kyk of jy meer as 50 gawes op jou lys kan kry. Vra vir iemand om die gawes op jou lys te omkring wat hul tans in jou lewe raaksien.

Familie-fokus:

- Maak 'n palmboom uit karton vir elkeen in die gesin. Skryf elkeen se naam op die stam en dink saam oor elke lid se talente, gawes en eienskappe en skryf dit op die blare. Dit kan oor tyd aangevul word. Sê vir God dankie dat elkeen uniek en spesiaal is.

Advertensies



353, 30th Avenue c/o Piemeef St
Villieria, Pretoria 0186

René de Waal +27 83 324 4375
Reception +27 83 291 0020

Agapanthus Guest House
"Since 2009"

agapanthusbnb@gmail.com
www.agapanthusguesthouse.co.za

*Agapanthus Guest House:
Oop vir noodsaaklike dienste!*

Vir plasing van advertensies kontak asb vir Steve (072-137 4407 of 012-333 4273 of kantoor@ngkpieerneef.co.za).

Kostes vir advertensies is R10.00 per plasing.

2 Gesinne het hulp nodig agv die grendeltyd. Indien u met enige vd volgende kan help kontak asb vir Rhona (082-497 3050):

- Yskas, mikrogolf, ¾ bed en tv.

Saalhuur

Indien u of weet van iemand wat sou belangstel om die saal te huur, kontak gerus vir Steve (072-137 4407/012-333 4273 of kantoor@ngkpieerneef.co.za). Die kostes beloop R700.00 vir lidmate en nie-lidmate R1,200.00 per dag.

Dankoffers in Afsondering

Baie dankie aan almal wat steeds getrou dankoffers en 10des in die kerk se rekening in betaal, dit help die gemeente om sy dienswerk voort te sit. Alhoewel die uitgawes van die kerk in hierdie tyd dieselfde bly, verloor die kerk ook heelwat inkomste i.t.v. saalhuur, dankoffers, ens. Dus wil ons die aanmoedig wat wel kan, om asb steeds in hierdie moeilike tyd per eeft die normale betalings te maak. Baie dankie ook vir die voortgaande vrygewige donasies wat aan Dorkas se kombuis gemaak word, dit maak 'n geweldige verskil in die lewens van baie gesinne!

Bankbesonderhede: NG Kerk Pierneef, Standard Bank SA, Tjekrekening: 281590621, Takkode: 01-4845

Wat sê die Bybel oor vriendskap?

